# Grondwet van
# Die Suiderstrand Gemeenskaps-, Bewarings- en Brandbeskermingsvereniging

## 1. Naam van Vereniging

Die naam van die vereniging is die Suiderstrand Gemeenskaps-, Bewarings- en Brandbeskermingsvereniging (hierna na verwys as "die Vereniging").

## 2. Regspersoonlikheid

2.1 Die Vereniging is 'n regspersoon met sy eie regsidentiteit wat afsonderlik van sy ampsdraers en lede is. Die Vereniging sal voortbestaan selfs al verander die lede.

2.2 Die Vereniging sal in staat wees om eiendom, kapitaal en ander bates van die Vereniging te besit, in stand te hou, te verhuur, te verkoop, te belê, of op enige manier te handel, en sal in sy eie naam kan dagvaar en gedagvaar word.

2.3 Lede en ampsdraers het geen regte op die eiendom of ander bates van die Vereniging bloot uit hoofde van lidmaatskap of amp nie.

2.4 Die inkomste en eiendom van die Vereniging sal uitsluitlik gebruik word vir die bevordering van sy gestelde doelwitte en sal nie direk of indirek aan enige persoon of aan enige lid van die Vereniging of ampsdraer betaal of oorgedra word nie, behalwe as redelike vergoeding vir dienste wat werklik aan die Vereniging gelewer is, of vir die terugbetaling van werklike koste of uitgawes wat redelikerwys namens die Vereniging aangegaan is.

## 3. Doelwitte

Die Vereniging is 'n vereniging sonder winsoogmerk wat gestig is vir die volgende openbarevoordeel doelwitte:

3.1 Om Suiderstrand en sy omgewing as 'n interessante, uitsonderlike, gelukkige en veilige plek vir sy inwoners te bevorder en te ontwikkel.

3.2 Om die natuur en erfenisaspekte van Suiderstrand en sy omgewing te bewaar;

3.3 Om brande van enige aard in Suiderstrand en omgewing te voorspel, te voorkom, te bestuur en te blus; waar moontlik en van toepassing ooreenkomstig die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande 101 van 1998 en die regulasies wat daarkragtens uitgevaardig is; en

3.4 Deur, ter wille van die bevordering van bogenoemde doelwitte, vertoë te rig aan en saam te werk met veral die Kaap Agulhas Munisipaliteit, die Overberg Distriksmunisipaliteit, die Suidpunt Inwonersvereniging, die Groter Overberg Brandbeskermingsvereniging, die Kaap Agulhas Nasionale Park enige ander relevante owerheid, organisasie, maatskappy of persoon.

## 4. Die Komitee

4.1 Die Komitee van die Vereniging moet die Vereniging bestuur in ooreenstemming met die besluite van lede in Algemene Vergaderings.

4.2 'n Minimum van vyf lede moet op die Komitee dien en die volgende portefeuljes behartig: Voorsitter, Ondervoorsitter, Tesourier, Sekretaris en Visesekretaris. Een van die voorgenoemde kan ook as Brandbeskermingsbeampte dien.

4.3 Alle lede van die Komitee moet lede wees van die Vereniging en word op 'n Algemene Jaarvergadering deur die lede van die Vereniging verkies.

4.4 Lede van die Komitee word vir 'n tydperk van twee jaar verkies, maar is aan die einde van hierdie tydperk herverkiesbaar. 'n Voorsitter mag nie vir meer as twee termyne agtereen-

volgens dien nie. Na 'n onderbreking van een termyn kan 'n voormalige voorsitter weer as voorsitter verkies word.

4.5 Die Brandbeskermingsbeampte van die Kaap Agulhas Munisipaliteit sal uitgenooi word na elke vergadering van die Komitee waar brandbeskermingsaangeleenthede bespreek word. Die genoemde Beampte sal volle stemreg hê op die genoemde vergadering ten opsigte van brandbeskermingsaangeleenthede.

4.6 Die Komitee sal so gou as wat redelikerwys moontlik is, enige vakature vul wat die aantal Komiteelede tot minder as vyf verminder het. Die volgende Algemene Vergadering moet die amp van enige Komiteelid wat sodanig aangestel is, bevestig, anders verval dit.

4.7 Die Komitee kan addisionele nie-stemgeregtigde lede van die Komitee koöpteer soos dit toepaslik ag.

4.8 'n Komiteelid kan skriftelik uit sy amp bedank en sal by beëindiging van lidmaatskap van die Vereniging gediskwalifiseer word as Komiteelid. 'n Lid van die Komitee kan uit sy amp onthef word deur 'n besluit met 'n meerderheid van twee derdes op 'n Algemene Jaarvergadering of Algemene Vergadering van die Lede van die Vereniging.

4.9 Die Komitee kan enige van sy bevoegdhede of funksies delegeer aan 'n subkomitee of lid van die Vereniging op voorwaarde dat:
- (*a*) sodanige delegering en voorwaardes in die notule van daardie vergadering weerspieël word,
- (*b*) ten minste een komiteelid in die subkomitee dien,
- (*c*) die Komitee vooraf alle uitgawes wat deur die subkomitee of lid aangegaan word, goedkeur, en
- (*d*) die Komitee die delegasie of die voorwaardes te eniger tyd kan herroep.

## 5. Lidmaatskap

5.1 Enige eienaar/huurder van grond in Suiderstrand; die Kaap Agulhas Munisipaliteit (KAM) en die Kaap Agulhas Nasionale Park kan te eniger tyd 'n lid word, op voorwaarde dat die voornemende lid onderneem om hierdie Grondwet en die brandbeskermingsreëls te respekteer, instem tot enige voorwaarde wat deur die Komitee neergelê word, en die ledegeld betaal waarop jaarliks deur die Komitee ooreengekom word.

5.2 Die Komitee kan, vir dienste gelewer aan die Vereniging, afstand doen van die vereiste dat 'n voornemende lid ledegeld betaal.

5.3 Die Komitee hou 'n register met die name, adresse en kontakbesonderhede van al die lede.

5.4 Die eerste lede van die Vereniging teken die Bylae van hierdie Grondwet en kies die eerste Komitee.

## 6. Brandbeskermingsake

6.1 Die Komitee moet 'n Brandbeskermingsbeampte en 'n Brandbeskermingsubkomitee aanstel wat uit minstens vyf lede bestaan. Die Brandbeskermingsbeampte wat aldus aangestel is, word 'n volle lid van die Komitee van die Vereniging.

6.2 Die Brandbeskermingsbeampte sal die leier wees van die Brandbeskermingsubkomitee wat verantwoordelik is vir die brandbeskermingsaktiwiteite van die Vereniging.

6.3 Die Komitee sal Brandbeskermingsreëls aanvaar ingevolge waarvan die Brandbeskermingsaktiwiteite van die Vereniging uitgevoer moet word. Elke lid van die Vereniging moet elektronies voorsien word van 'n afskrif van hierdie Grondwet, die Brandbeskermingsreëls en die kontakbesonderhede van die Brandbeskermingsbeampte en die ander lede van die Brandbeskermingsubkomitee.

## 7. Vergaderings

7.1 Kennisgewing van vergaderings moet op elektroniese wyse gegee word. In die geval van komiteevergaderings moet minstens 5 dae kennis gegee word, en in die geval van 'n Spesiale Algemene en Algemene Jaarvergadering moet minstens 15 dae kennis gegee word.

7.2 'n Kworum vir 'n vergadering van die Komitee sal die helfte van sy aantal lede plus een wees, en die kworum van 'n Spesiale Algemene Vergadering en die Algemene Jaarvergadering sal 15% van die aantal lede van die Vereniging wees.

7.3 Indien daar nie 'n kworum by 'n vergadering is nie, sal die vergadering verdaag word en kennis van ten minste 5 dae sal gegee word van die volgende vergadering, wat sal voortgaan met wie ook al teenwoordig is as kworum.

7.4 Alle Algemene Jaarvergaderings moet binne ses maande na die Vereniging se finansiële jaareinde gehou word. Die sake van hierdie vergadering moet die volgende insluit:

- Die Voorsitter se Verslag.
- Die aanbieding van die Vereniging se Finansiële Jaarstate.
- Die verkiesing van komiteelede.
- Die aanstelling van 'n ouditeur wat nie 'n geoktrooieerde rekenmeester hoef te wees nie, maar 'n wel onafhanklike persoon met rekeningkundige kennis.
- Projekte voorgestel vir die nuwe Jaar.
- Ander toepaslike sake.

7.5 Die Jaarlikse of 'n Spesiale Algemene Vergadering, tensy anders vermeld in hierdie Grondwet, sal absolute en oorheersende bevoegdheid hê oor alle sake van die Vereniging met die oog op die bereiking van die doelwitte van die Vereniging en die nakoming van die bepalings van hierdie Grondwet.

7.6 Die Komitee kan te eniger tyd; en moet, indien dit skriftelik deur minstens 5 lede versoek word, 'n Spesiale Algemene Vergadering byeenroep met die doel om 'n bepaalde saak te bespreek. Die kennisgewing van die vergadering moet die aangeleentheid vir bespreking aandui en die bespreking van die vergadering sal beperk word tot die aangeleentheid wat aangedui is.

7.7 Alle vergaderings van die Vereniging kan op elektroniese wyse gehou word en, tensy anders bepaal in hierdie Grondwet, sal alle besluite geneem word deur 'n meerderheid van die stemme van die stemgeregtigde lede teenwoordig of verteenwoordig deur volmag.

7.8 Die Voorsitter van die Vereniging, of in sy of haar afwesigheid, die Ondervoorsitter, sal voorsitter van alle vergaderings van die Komitee, die Algemene Jaarvergadering en Spesiale Algemene Vergaderings wees, en sal 'n beslissende sowel as 'n beraadslagende stem hê.

## 8. Bates en finansies

8.1 Die Vereniging sal rekord hou van alle bates en verkrygings, en sal geen fondse of eiendom aan sy lede of ampsdraers gee of skenk nie, behalwe indien sodanige persoon of ampsdraer in diens van die Vereniging is en betaal word ingevolge sodanige pligte. 'n Lid kan slegs vir enige uitgawes vergoed word indien hy of sy in ooreenstemming met sy of haar pligte vir sodanige uitgawes betaal het.

8.2 Die Komitee moet 'n bankrekening in die naam van die Vereniging by 'n geregistreerde bank oopmaak. Twee gemagtigde handtekeninge sal per transaksie vereis word — die Tesourier en enige een van die ander komiteelede.

8.3 Die Komitee moet verseker dat behoorlike rekords en rekeningboeke gehou word wat die sake van die Vereniging op 'n billikke wyse weerspieël, en binne ses maande na die finansiële jaareinde moet 'n verslag saamgestel word vir bespreking en aanvaarding by die Algemene Jaarvergadering.

8.4 Die finansiële jaareinde van die Vereniging is einde Augustus.

8.5 Gelde, bates en hulp wat aan die vereniging geskenk word om vir 'n spesifieke doel gebruik te word, sal indien dit aanvaar word, geoormerk word en uitsluitlik gebruik word vir die doel waarvoor dit geskenk is.

**9. Aanspreeklikheid van Lede**

9.1 Lede, ampsdraers en ander persone wat in samewerking met die Vereniging optree, is nie persoonlik aanspreeklik vir enige handelinge en versuim wat onderneem word ter bevordering van enige van die doelwitte van die Vereniging nie.

9.2 Lede, ampsdraers of aangewese afgevaardigdes van die Vereniging sal gevrywaar word deur die Vereniging vir alle handelinge wat deur hulle in goeder trou namens die Vereniging gedoen word.

9.3 Lede van die Vereniging of aangestelde afgevaardigdes is nie aanspreeklik vir handelinge, versium,ontvangste of wanbetalings deur enige ander lid of ampsdraer nie, of vir enige verlies, skade of uitgawe wat deur die Vereniging gely word, wat plaasgevind het in die uitvoering van die pligte van sy of haar amp, tensy dit ontstaan het as gevolg van sy of haar oneerlikheid, of versuim om die mate van sorg, ywer en vaardigheid wat deur die wet vereis word, aan die dag te lê.

**10. Wysigings en Ontbinding**

10.1 Hierdie Grondwet kan gewysig word, die naam van die Vereniging kan verander word en die Vereniging kan ontbind word deur n besluit van twee derdes van die lede teenwoordig by 'n Spesiale Algemene Vergadering.

10.2 By die ontbinding van die Vereniging, nadat alle skulde en verpligtinge betaal is, sal enige oorblywende bates nie aan lede betaal word of onder lede verdeel word nie, maar sal dit deur skenking aan 'n ander organisasie sonder winsoogmerk oorgedra word wat die Komitee (en by gebreke daarvan) die lede (per Spesiale Algemene Vergadering) toepaslik ag, en wat dieselfde of soortgelyke doelswitte het as die doelswitte van die Vereniging.

**11. Vrywaring**

Alle ledeinligting word onder die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (POPIA) beskerm.